



Hondjie vou kompetisie Februarie 2013

Wen 'n **R100** koop bewys van **kalahari.com**

Vra vir Pappa of Mamma om julle te help om 'n hondjie te maak (uit einge ou papboks of rommel papier), gee vir jou rommel hondjie 'n naam en vra dan vir Pappa of Mamma om hom asb aan ons te pos by: **Skribbel, No7 East Mascalls Estate, Deer Straat, Aurora, Durbanville, 7550.** Die sluitings datum vir alle inskrywings is 18 Maart 2013. Die wenner word bekend gemaak in die volgende uitgawe van Skribbel op 22 Maart 2013.

* Terme en voorwaardes van toepassing.


Soek die verskille..... kyk of jy 7 kan vind.



DIE GOUE SLEUTELTJIE

As ek 'n goue sleuteltjie
In die hande kry
Dan sluit ek al die koutjies oop
En laat die voëltjies vry.
Ek sluit ook ons ou koskas oop
Waar Ma die koek in hou
En allerhande lekker goed
Waarom ek graag wil kou.
Maar ons ou skooldeur sluit ek toe!
So styf as jy kan dink –
Die sleutel gooi ek in die see
Om diep daar weg te sink!
"Helena F Lochner"

In watter
prentjie
sien jy die
vormpie ?




Hoe om jou hondjie te vou



Stap 1: Begin met 'n vierkantige stuk papier, met een van die hoeke wat na jou toe wys, vou die boonste hoek af sodat dit in lyn is met die onderste hoek om 'n driehoek te vorm.



Stap 2: Tussen 1/3 en 1/2 van die driehoek se bokant vou jy een van die hoeke teenoor die driehoek se punt sodat dit oor die rand van die papier steek. Herhaal hierdie vou met die ander hoek. Hierdie flappe sal jou hondjie se ore wees.



Stap 3: Maak 'n vou langs die onderste punt van die oorspronklike driehoek om jou hondjie se ken te skep



Stap 4: Teken nou vir jou hondjie 'n gesig en gee hom/haar 'n naam.

Naam:	Skool:
Ouderdom:	Kontak nommer: